MONTANA Renaissance

# Nuus!

ONS TROTS

## *Montana Renaissance Aftreeoord in oorsig - Maart 2025*






# CARPE DIEM!




“Carpe diem” is 'n Latynse frase wat beteken "gryp die dag." Dit moedig mense aan om in die hede te leef, die meeste van hul huidige geleenthede te maak en die lewe ten volle te omhels sonder om geluk of belangrike aksies uit te stel. Die frase, wat dikwels met die Romeinse digter Horatius geassosieer word, herinner ons aan die kortheid van die lewe en die belangrikheid daarvan om die oomblik te waardeer, eerder as om te wag vir 'n perfekte toekoms.



Dit is 'n oproep tot aksie om voluit te leef, die nou te waardeer en passies en geleenthede na te streef terwyl dit beskikbaar is. Gewortel in die erkenning dat die lewe vlugtig is en tyd kosbaar is, herinner die filosofie van carpe diem ons daaraan om betekenisvolle ervarings en verbindings te prioritiseer, bo uitstel of vrees vir die toekoms.

*PB*

## Wat ons u bied:

- Alle reëlings ten opsigte van begrafnisse
- Registrasie van sterfte (Binnelandse Sake)
- Hulp met eis van polisse
- Privaat besigtigingskamer
- Reëlings in die gerief van u huis
- Voorafbeplanning van begrafnisse
- Privaat krematorium
- Bekostigbare dienste

LM BEGRAFNISSE FUNERALS

*Ons maak 'n verskil / We make a difference*

Liesl Myburgh - 084 589 8967




CARPE DIEM
seize the day

## Sosiaal

### *Braaidag 24 September - Die storie daaragter.......en wat jy dalk nie geweet het nie.*



Braaidag is 'n feesdag wat op dieselfde dag as Erfenisdag, 'n openbare vakansiedag in Suid-Afrika, plaasvind. Braaidag is 'n informele deel van Erfenisdag, wat 'n dag is om die diverse kulture en tradisies van Suid-Afrika te vier. Daarom bly Montana Renaissance weereens nie agter nie. Hulle doen dit elke jaar in styl. Braaidag in die



oord ontsien geen ouderdom nie.

- *Erfenisdag*

'n Openbare vakansiedag in Suid-Afrika wat op 24 September plaasvind.

- *Braaidag*

'n Informele deel van Erfenisdag wat die gewilde Suid-Afrikaanse tradisie van braai vier. Jan Scannell, ook bekend as "Jan Braai", het in 2005 'n veldtog begin om Braaidag amptelik te maak.



- *Geskiedenis*

Voor 1994 was Erfenisdag bekend as Shakadag, 'n dag toe die Zoeloes hul koning gevier het. Nadat Suid-Afrika 'n demokrasie geword het, is Erfenisdag verander na 'n dag waarop alle kulture hul eie erfenis kon vier.

Braaidag het gewild geword as gevolg van Jan Scannell se veldtog. Die regering het die veldtog ondersteun as 'n manier om eenheid en gemeenskapstrots te bevorder.

# CARPE DIEM
*seize the day*

## ***Sosiaal***...............*Braaidag*



- *Hoe mense fees vier*

Mense vier Erfenisdag deur hul eie erfenis te vier of van ander kulture te leer.
Mense vier Braaidag deur te braai, wat 'n gewilde Suid-Afrikaanse aktiwiteit is.

- Hoe dit begin het

Jan Braai, wie se regte naam Jan Scannell is, het die Nasionale Braaidag-inisiatief in 2005 gestig. Hy is 'n passievolle voorstander van Suid-Afrikaanse erfenis en kulinêre tradisies.
Hy het uit sy werk in finansiële dienste bedank om op die inisiatief te fokus.
Die inisiatief het ten doel om Suid-Afrika se eenheid en diversiteit op Nasionale Erfenisdag, wat 24 September is, te vier.

- Waaroor dit gaan

Die inisiatief moedig Suid-Afrikaners aan om rondom vure bymekaar te kom, hul erfenis te deel en die landsvlag te swaai.
Die inisiatief is geïnspireer deur wêreldwye vieringe soos Thanksgiving en St Patrick's Day.

- Wat Jan Braai gedoen het

Hy het ses topverkoperboeke oor braai geskryf.



Hy het die TV-program Jan Braai vir Erfenis aangebied.
Hy hou wêreldrekord vir die langste braai, nadat hy 28 uur en 30 minute lank gebraai het..
Hy het 'n reeks vertonings, topverkoperboeke en ervarings daargestel.
Hy het 'n simbool van Suid-Afrikaanse erfenis geword.

- Hoe Jan Braai is

Hy is 'n aktiewe sportman wat graag fietsry, roei en hardloop.
Hy is bekend vir sy toeganklike geaardheid en entoesiasme.




## *Ons Mense*

### *Kerssang in die skemer*




Sondag, 22 Desember 2024 word die inisiatief deur Impalaleliestraat geneem.





Met begeleiding deur Antha op kitaar en Kobus op sy mondfluitjie is daar Kersliedere lekker saam gesing.




Daar was vir elkeen 'n paslike boodskap wat die soettande dan ook natuurlik verwelkom het.





Ná die sang is daar lekker saam gekuier




## *Ons Mense*

### *Broodboomsingel en die Oujaar*

‘n Mens moet darem op die Oujaar iets doen.........en toe doen Broodboomsingel dit! Hulle ruil die binne vir buite! Ruil die TV vir samesyn! Worsie oppie kole, glasie innie hand en geniet ‘n heerlike aand sommer net van saamwees. Mens kan  nie op so ‘n mooi aand wil alleen wees nie.





Daar was nou wel nie vuurwerke om die Nuwejaar te begroet nie, maar daar blyk nog genoeg vuur onder die inwoners van hierdie straat te wees.





<u>*Voetnota:*</u>
Geen diere, plante of die omgewing, is beseer of beskadig tydens hierdie byeenkoms nie.



## *Ons Mense*

*Broodboomsingel vier verjaarsdae*



Tommie wens Ben geluk



Die verjaarsdagmaatjies
Ben, Robbie, Annette, Cecilia





Soos gewoonlik is
almal goed "versorg"

# CARPE DIEM
*seize the day*

## ***Ons Mense***

*Broodboomsingel vier verjaarsdae*





Elize & Cecilia



Annette & Annetjie



Japie & Robbie

ARRIE NEL
APTEEKGROEP
Familie Waardes,
Waarde vir die hele Familie!

# MONTANA
## APTEEK+KLINIEK



**10% PENSIOENARIS AFSLAG!**
**ELKE LAASTE WOENSDAG VAN DIE MAAND!**

**Ons vriendelike personeel streef daarna om die verhouding tussen jou en ons apteek te vergemaklik**

- *Blisterverpakking*
- *Kroniese opmaak van medikasie*
- *Kliniek dienste*
- *IV Therapy Studio*
- *... en vele meer*

**BESIGHEIDSURE**
*Maan - Vry: 07:00 - 19:00*
*Sat: 08:00 - 18:00*
*Son & Vakansiedae: 09:00 - 17:00*

**GRATIS AFLEWERING**

**ONS KLINIEK BIED 'N VERSKEIDENHEID DIENSTE!**
*Bloeddruk-, Bloedglukose-, Patologiese-, Urine- en Cholesteroltoetse, Inentings, Vit B12, Vit BCo, Wondsorg, Papsmere en vele meer...*

Intravenous THERAPY STUDIO

012 548 1721/0270/1836 | 060 736 3010 | montana@arrienel.co.za

Zambezi Junction, Winkel 10, H/v Sefako Makgatho & Breedstraat, Montana
**www.arrienel.co.za**

MOPANI PHARMACY
ARRIE NEL PHARMACY GROUP
Family Values, Value for the whole Family!
thrive better than well
Pharmacy | Health Shop | Clinic

# CARPE DIEM
*seize the day*

## ***Ons Mense***...........*Valentine's Ontbyt - 14 Februarie 2025*

Vure brand, tafels gedek en opgetooi......alles in rooi.
Die dag van harte, al te mooi!

In straatverband, het elkeen sy ontbyt opgetower en gespog met sy tafel. Nog 'n goeie oggend van heerlik saam kuier.














Langstraat het die meeste stemme verwerf vir die mooiste tafel. Baie geluk!

*Valentynsdag het sy wortels in beide antieke Romeinse tradisies en Christelike geskiedenis. Die dag is vernoem na Saint Valentine, 'n geheimsinnige figuur wat verband hou met liefde en romanse. Daar is verskeie legendes oor wie Sint Valentyn was, maar die gewildste storie dui daarop dat hy gedurende die 3de eeu 'n priester in Rome was.*

# CARPE DIEM
*seize the day*

## ***Ons Mense***.............*straatkuier*

*Die Amarillas gooi kole.........goeie kole!*





*Net as dit lyk of die tyd stilstaan, dan doen hulle dit weer. Gaan groot of gaan huis toe!*





*As dit lyk of hy wil weghol; dan vang jy hom!*



# CARPE DIEM
*seize the day*

## *Ons Mense*



Kerspakkies word aan die werknemers van die oord oorhandig.





Groot dankie aan Hannetjie Loots vir haar inisiatief en dryfkrag agter die Kerspakkie-projek.




Groot dank ook aan die inwoners van Montana Renaissance wat betrokke was om hierdie bydraes moontlik te maak.

2Moro's
EAT & DRINK

# Goue Oues Middag-Vasvra

**Datum:** Woensdag 19 Maart 2025

**Tyd**: 14:00

**Koste**: R40 per persoon

- Tee of koffie en kaneelsuiker-pannekoek of muffin ingesluit
- Geen plaasvervangers – sou jy iets anders verkies, bestel asseblief van die spyskaart af; teen die normale spyskaartpryse

Kom toets jou algemene kennis met ons prettige Goue Oues Vasvra! Dit sal jou op 'n reis deur **Waar ons aan die voet van die Magalies woon** neem, met interessanthede oor die plek wat ons **HUIS** noem!

Beperkte spasie – besprekings noodsaaklik – moenie hierdie eerste van vele misloop nie! Verseker jou plek teen 12 Maart 2024

**Bespreek by Ina Kotze – 082 416 7073**

Ons sien uit daarna om jou daar te sien!

Adres: Shop 10, Montana Value Centre
Tel No : 071 154 8982
Webtuiste : 2moros.wixsite.com/website
Facebook : @2MorosEatAndDrink

Handelsure:
Maandag tot Vrydag 07:00-17:00
Saterdag 07:00-15:00
Sondag - GESLUIT



# CARPE DIEM
*seize the day*

***Ons Mense***.............*Redaksie afsluiting*

MR Redaksiespan, met hul gades en gaste geniet 'n welverdiende 2024 jaarafsluiting by Coffee & Munch.



Soos die jaar ten einde loop, besin die redaksiespan oor die stories, insigte en stemme wat die afgelope twaalf maande gevorm het. Met toewyding en kreatiwiteit het ons gewerk om betekenisvolle inhoud te lewer en ons lesers ingelig en betrokke te hou. As ons vorentoe kyk, bly ons daartoe verbind om vars perspektiewe in die nuwe jaar in te bring. Dankie dat jy deel was van ons reis - ons sien uit na nog 'n jaar van storievertelling en konneksie!







# CARPE DIEM
seize the day

## *Die ouderdom is `n blikslater....*



Hy bekruip jou. Soos droogte in die Boesmanland. Stadig. Maar seker.

Hy maak jou krom. Hy maak jou stom. Hy maak jou vergeet. Hy knibbel stomp-tand aan eergister se onthou. Hy stroop die bas van jou onthouboom. Hy los jou alleen. Met net gedagtes. Ver gedagtes. Wat jou terugvat na jou jonkweesdae. Jou eerste Daan Desimaal jare. Springbokradio dae. Pip Freedman en Four Jacks and a Jill jare. Charles Jacoby en Jim Reeves jare.

Draadloosjare met oom Jan Cronjé en tannie Esmé Euvrard. "So maak mens!" Middagstories soos die Du Toit`s van Soetmelksvlei, Geluksdal, Dans van die Flamink, Wolwedans in die Skemer, As die Naguil roep en Patrollie 33 Charlie.

Maar die ouderdom maak jou ook astrant. Soms neuk hy stroom-op met jou. Na daar waar jy weet jy nie eintlik moet gaan krap nie. Want dis die plek van die Groot Nostalgie. Wanneer jy sonder dat jy wou, skielik daai ou droë Heimweeboom begin klim. Ja, hoog in die takke is jy. Jy raak dik gedrink. Van die verlange se waters. Jy boor diep. Slukkie vir slukkie drink jy uit blou jare terug se vars boorgate. Jou kinderjare. Skoolgaanjare. Vingerbordjare. Bok-bok-staan-styf jare. Jonk-verlief-wees jare...



Soms praat jy met jouself. Saggies. Of so dink jy. Want jou ore hoor nie meer soos destyds nie. Al is hulle nou groter... Ja, jou gesig krimp, maar jou neus en ore word groter. Jou tande raak stomp. Jy word lomp.

# CARPE DIEM
*seize the day*

........................Ouderdom is soos `n steeks donkie. Hy briek jou. Jý wil, maar jou bene steek vas. Viervoet vat hy jou vloer toe. Loopraam toe. Soos `n kind. Só stroop hy jou selfvertroue. Gister se bravade maak plek vir vandag se bang.

Ouderdom steel. Jou onafhanklikheid. Jou karsleutels. Jou lisensie...Hy lewer jou oor aan ander se genade. Hy maak jou sag. Weerloos. Eensaam. Hy laat jou huil. Sommer oor niks. Sommer oor alles.

Die ouderdom is `n wetter. Met `n hoofletter!

Hy ruk jou uit jou huis uit. Ontvoer jou. Teen jou wil. Huis Herfsblaar toe. Waar Matrone jou baas is. Huisreëls jou bind. Styf. Vas. Met oumenstoue. Waarvoor jy `n helse prys betaal. Letterlik. Terwyl jy Genadebrood moet eet...En perdesalf op ou spiere se seer smeer.

Ouderdom druk jou smaakkliere toe. Jy verloor jou proe. Hy vat jou eetlus weg. Jou energie. Hy breek jou spoed.

Maar ouderdom leer jou ook geduld, want die kinders kom kuier op húlle tyd.

Ouderdom laat jou spog. Te veel. Oor die kleinkinders. Wat jou siel lawe!

Saam met die jare se grysheid, kom daar darem ook `n bietjie wysheid. En diepe dankbaarheid. Vir gespaarde jare uit Sy hand uit.

Maar dan. Later. Raak jý stadig maar seker weer kind. Moet jy gewoond raak aan die alewige verkleinwoordjies... En om na jou kinders te luister!

*Geskryf deur Barney Louw*

*Die beste beskrywing oor die ouderdom nog!*



# CARPE DIEM
seize the day

***Eendag lank gelede..............***

.....................was daar 'n eiland waar gevoelens gebly het.

Blydskap, Hartseer, Kennis, Liefde en ander.

Op 'n dag word aangekondig dat die eiland gaan sink. Inderdaad het almal bote reggekry om te vlug, almal behalwe Liefde. Sy het daar gebly tot die einde. Toe sy sien die eiland sink regtig, het sy besluit sy kort hulp.



Sy vra vir Rykdom om haar op te laai, maar Rykdom antwoord "nee jammer ek het te veel goud en silwer - ek het nie plek vir jou nie”.

Liefde vra toe vir Ydelheid en dié antwoord, "jammer jy's al sopnat en gaan my boot beskadig.

Liefde vra toe vir Hartseer en Hartseer antwoord, "ag Liefde, ek is  so hartseer en wil net op my eie wees. Jammer".



Blydskap kom verby en is so vrolik dat hy nie eens Liefde se krete hoor nie!

Skielik was daar 'n sagte stem agter Liefde, wat sê hy sal haar help. Liefde is so bly dat sy egter vergeet om sy naam te vra en toe hulle aan wal stap, het die pragtige kalm stem verdwyn. Liefde vra vir Kennis wie haar gehelp het? Kennis antwoord, "Dit is Tyd".

Liefde vra verbaas...Tyd? Hoekom het Tyd my gehelp?

"Omdat slegs TYD in staat is om ons te laat besef hoe belangrik LIEFDE werklik is.

Nederland's Delicatessen

# De Soete Inval

Dutch Specialties

Tel : 011-801-4919

www.desoeteinval.co.za

Telephone Number(s) 087 654 7050 / 011 801 4919
Address : Shop 22, Montana Value Centre
Sefako Magatho Dr & Calliandra str , Montana

Shopping Hours: Mon - Fri: 09h00 - 16h00
Sat 08h30 - 13h00







# CARPE DIEM
*seize the day*

## My Kersfeeservaring 2024

*Nuwe lewe, nuwe hoop*



Ons kuier by my dogter.

Rustig was die dag. Sy het ‘n plot met n ryskool.

Die dag sit hul ‘n kamera in die stal van ‘n baie goed geteelde merrie. Haar datum om te vul was eers 12 Januarie.



Ook het sy n ryskoolponie in Oktober 2024 aangekoop teen n billike prys, net om uit te vind sy is ook dragtig.

Kersdag stap ek na die ponie, baie onrustig is sy en die melk loop uit. “Die ponie vul vannag”, is my woorde.

Tienuur die aand stap my dogter uit om te kyk of iets by die ponie gebeur, maar in die stap kyk sy op haar foon en sien die goeie bloedlyn-merrie het klaar gevul.

Chaos. Ek staan onder die stort, hoor die stemme, trek baie vinnig aan en met pantoffels en al hardloop ek stalle toe. Daar lê die prem vulletjie. Perfek maar so klein. Die mamma skop haar om op te staan om te drink. Sy is te swak, drink paar slukkies en val weer neer.

Die 27ste weer 10uur die aand maak Oepsie-Daisy haar verskyning. Sterk en gesond en pa onbekend.

Kleintjie is tans by Onderstepoort. Ons bid gelowig met hoop in ons harte.

Ons het al wonderwerke beleef in antwoord op gebed.

Volgens dokters moes ek nie geleef het nie, want my ma het 4 babas verloor, slegs 2 ure geleef!!! Volgens dokters sou my jongste seun nie normaal ontwikkel, want hy is op 28 weke gebore. Klein, net 1.3kg. Hy het beter as normaal ontwikkel.

Ek mag dan mos vra: “Liewe  Vader raak hierdie vulletjie aan…….”

Dankie oordmensies. Mag 2025 n jaar van nuwe hoop wees. Mag ons vertikaal leef, ons oë gerig op ons Skepper. Mag ons vertikaal leef en vertel hoe Groot is ons God.

Beatrice
#28




## Lief & Leed






### Nuwe Intrekkers

Weens gesondheidsredes het Roelf en Stella Raath van #57 einde Januarie 2025 na Bougainvillea Aftreeoord verhuis.



**Sam en Alma Helm #57**

Sam en Alma Helm het op 31 Januarie 2025 by # 57, Geelhoutstraat ingetrek en is nog besig om nes te skrop. Hulle het nie ver van hier, in Twee Riviere gewoon. Sam vertel dat die skuif eintlik ‘n geforseerde trek was, aangesien hulle daar gewag het vir ‘n twee-slaapkamereenheid om oop te gaan, wat nie gebeur het binne die afsnydatum wat hulle gehad het nie. Hulle is dankbaar vir hierdie huis wat beskikbaar was en teenoor hulle kinders wat kon help met die trekkery.

Alma was ‘n onderwyseres wat destyds in Heidelberg haar opleiding ontvang het. Sy het vir grondslagfase klas gegee in Ermelo, Nelspruit en Johannesburg. Sy het in Pretoria grootgeword en is in 1965 met Sam, ‘n boerseun, uit die Winburgdistrik getroud. Die twee het mekaar leer ken toe Sam by Alma se ouers loseer het terwyl hy by Tukkies studeer het. Hy het hom as siviele ingenieur gekwalifiseer en het tot verlede jaar nog in sy privaat hoedanigheid gepraktiseer.

Sam en Alma het unieke oudhede in die huis. Hulle het ‘n pragtige viersitplek stinkhout riempiesbank. Sam vertel dat sy oupagrootjie die bank gemaak het. Hy was ‘n wamaker wat in 1896 na Winburg in die Vrystaat gekom het.

Alma en Sam het 4 kinders, ‘n seun wat in Nieu-Zeeland woon en 3 dogters in Suid Afrika. Hulle is geseënd met 8 kleinkinders en 2 agterkleinkinders.

Hulle vertel Geelhoutstraat se mense is baie gaaf en het hulle alreeds oorgenooi vir sundowners en ‘n eetdingetjie. Op die oomblik is hulle nog in ‘n aanpassingsfase vir die nuwe hoofstuk in hulle lewens. Hulle betree hierdie fase moedig omdat hulle glo ‘n mens kan aanpas.







## *Lief & Leed*

### *Nuwe Intrekkers*



Kort na Danie Hoffman se dood op 30 April 2024 het Rianette na Kemptonpark verhuis, na ‘n aftreeoord waar daar versorging is en waar sy naby die kinders kan wees. Danie het die eerste Impalalelies van Impalaleliestraat geplant.



**William en Rhona Smith #69**

Op 27 November 2024 het #69 nuwe inwoners gekry: William en Rhona Smith. Drie jaar gelede het die Smiths na #43 in MR verhuis. Hulle het gehoor hulle woon in Dièstraat (nou Amarillastraat) en het nie mooi verstaan waar kom die naam vandaan nie, maar hulle het gou uitgevind waarom die straat se naam Dièstraat was: Vir vier weke nadat hulle ingetrek het, is hulle vanuit die straat van kos voorsien. Rhona sê: Elsa Dreyer het vir my soos ‘n ma geword en DK vir William soos ‘n broer en die res van die straat soos een groot familie. Hulle is so dankbaar dat hulle MR toe getrek het. Rhona sê sy het bang en onseker hier aangekom. Hier het sy geleer om te kommunikeer en dat daar omgegee word, iets wat sy nie in Natal geken het nie. Sy het lief geraak vir ouer mense.




William en Rhona is baie opgewonde oor hulle nuwe tuiste. Die mense in Impalaleliestraat is ook baie gaaf en hulle weet sommer hulle nuwe tuiste gaan ook lekker woon. Alhoewel die huis kleiner is en minder kaste het, is die huis mooi skoon met luukshede wat hulle baie geniet. Die voëls kuier so lekker hier. ‘n Mossie kom kuier vir hulle in die kamer. William en Rhona sê hulle huis staan altyd oop vir ‘n kuiertjie.









## *Lief & Leed*

### *Nuwe Intrekkers*

Na die dood van Bekkie Janse van Rensburg #38 gedurende Oktober 2023, kom bly Hannes by sy pa Johan Janse van Rensburg. Johan het egter bly terug verlang na die Bosveld en in 2024 is hulle terug Nylstroom toe by Coral Creek, langs Kokanje.



**Dawie en Isabel Maartens #38**

In November 2024 word Dawie en Isabel Maartens die nuwe eienaars van #38. Die rede vir hulle verhuising vanaf Sunrise View waar hulle baie gelukkig was, is hulle kleinkinders. Albei hulle dogters en 3 kleindogters woon hierdie kant van die berg. Hierdie ouma geniet haar kleinkinders baie. Dis vir haar baie lekker om betrokke te kan wees in hierdie kleintjies se lewens. Isabel vertel van Keira, haar kleindogter, wat by hulle hier in MR gekuier het. Toe Keira hoor daar gaan Vrydag- middag 17:00 roomys by ‘n roomyskarretjie in die oord verkoop word, was sy baie opgewonde. Sy kon nie wag dat dit 17:00 moes word nie. Hulle moes net afloop tot by #77 en was daardie middag die eerste kopers van roomys by MR se roomyskarretjie. Dawie en Isabel is dankbaar om te kan sê dat hulle in 2025 hulle 43 ste huweliksherdenking sal vier.

Dawie was 37 jaar in diens van die SAPD en het vanuit die Logistieke afdeling in Silverton uitgetree. Isabel was werksaam by die departement van Volkswelsyn en Pensioene in die afdeling siviele pensioene te Hamiltonstraat. Sy het aangename herinneringe aan Pretoria se middestad, soos die gerieflike busdiens, waar sy menigmaal haar moeder of iemand in die stad ontmoet het vir ‘n middagete of inkopies tydens haar etensuur. Sy glimlag as sy met heimwee dink aan die hoë hakies en mooi kleredrag van die stadsmeisies in daardie jare. Dawie was ‘n kranige skut en fotograaf. Hy het uitgesien om jaarliks by Vergelegen in die Kalahari te gaan jag.  Die Krugerwildtuin was sy gunsteling vakansieplek.  Hulle het van Pretoriuskop tot by Pafuri gekuier. Dawie sê dis waar hy vry voel. Skukuza was hulle gunsteling kamp. Na 40 jaar se Wildtuinkuiers, moes Isabel, weens Dawie se gesondheid halt roep. Pragtige geraamde fotos hang in hulle sitkamer, Dawie se trots is fotos van Kruger se diere en besondere sonsondergange van die Kalahari. Dawie en Isabel sê hulle bly baie lekker in Suikerbekkiestraat.  Die mense is baie vriendelik, gaaf en gasvry. Ons voel aanvaar en gelukkig hier in Montana Renaissance.

# CARPE DIEM
*seize the day*






## *Lief & Leed*

### *Nuwe Intrekkers*



**Driekie van Zyl (woonstel)**

Gert en Driekie van Zyl het in Desember 2017 vanaf 'n plaas in Hekpoort na MR verhuis, waar hulle ongeveer 5 jaar in Amarillastraat gewoon het. Gert het egter siek geword, en hulle moes later 'n versorger aanstel om te help. Driekie wat jare laas motor bestuur het, moes noodgedwonge weer bestuur, soos sy al haar man se verantwoordelikhede oorgeneem het. Sy vertel hoe mooi en liefdevol die inwoners van Amarillastraat haar gehelp het.

Gert se versorging het egter meer geword as wat sy kon behartig en in 2023 verhuis hulle na Huis Janrie in Villieria, waar hy goeie versorging ontvang het. Hulle was net oor 'n jaar daar toe Gert op 6 November 2024 oorlede is. Driekie mis haar man baie en verlang na die mens wat hy eens was en van wie siekte so baie kom wegvat het. Om hom so te sien swaar kry en agteruitgaan, was vir haar baie moeilik.

Om daar tussen die ernstig siek mense te woon met al die herinneringe was nie vir haar lekker nie en sy het terugverlang na MR. Toe sy hoor die woonstel by MR staan leeg, het aansoek gedoen. Sy vertel van die vrede wat sy ervaar het omdat sy gevoel het dat sy teruggekom het huis toe. Sy onthou hoe sy met 'n swaar hart en trane hier weg is.

Sy sê dat sy gelukkig is in die woonstel en so dankbaar vir haar vorige Amarillastraatbure wat by haar kom inloer. Driekie gaan stap gereeld en sy het ingeskakel by die oefengroep hier by MR. Sy lees en brei graag, geniet die biblioteek en die Sondagaand kerkdienste. Sy sê: "Nou het ek huis toe gekom. Die mense hier laat my so welkom voel"

Driekie vertel hoe sy en haar kinders nader aan die Here gekom het tydens die tyd van geweldige hartseer waar hulle hul geliefde so stukkie vir stukkie sien agteruitgaan het. Hoe waar is die woorde tog, dat die Here vir ons stewige skoene gee wanneer ons die woestynpad stap.









## *Lief & Leed*

### *Nuwe Intrekkers*

Julia Prinsloo #50 het so ‘n jaar terug na ‘n versorgingsfasiliteit , Beth Rapha, in Montanapark verhuis waar sy goeie versorging kry.

Maureen Koch was woonagtig in ‘n kompleks in Ermelo en vertel hoe sy vir jare gebid het vir die regte aftreeplek vir die laaste hoofstukke van haar lewe.  Die laaste tyd het sy besef sy is besig om te vereensaam omdat daar nie mense van haar ouderdom in die kompleks woon nie. Saam met haar kinders besluit sy dis tyd om te verhuis.  Hulle hoor #50 is beskikbaar.  Sy glo die Here het haar gelei om hier te koop en al haar kinders het saamgestem dis die regte plek vir haar.  Op 6 Februarie 2025 word Maureen die nuwe eienaar van #50 in Amarillastraat, nadat die kinders ingespring het, skoon-gemaak het, opgeknap het en die hele trek behartig het.  Maureen het vier dogters en sewe kleinkinders op wie sy baie trots is, o.a. omdat hulle so fluks is.



**Maureen Koch #50**

Maureen en haar man was boere in Amersfoortdistrik.  Toe hulle afgetree het, het hulle eers na Lydenburg verhuis en later na Ermelo. Sy was ‘n huishoudkunde onderwyseres, wat haar tyd in die onderwys baie geniet het.  Sy het klas gegee by Engelse hoërskole in Springs en Rob Ferreira in Witrivier. Haar man is in 2020 oorlede weens hart- en nierversaking.

Op versoek van die redaksie skryf Maureen: “Ek is ‘n oud Affie. Ek is nog besig om my voete hier te vind, maar ek sal dit stadigaan baasraak. Almal hier is baie vriendelik en gee om.  My stokperdjie is tuinmaak en hekel.  Komende van Ermelo is die hitte hier nogal vir my erg.” Die lekkerste kuierplek is die biblioteek met die baie boeke.

Maureen is ‘n kunstige, opgeruimde mens wat met ‘n oop hand lewe.  Sy hou daarvan om iets weg te gee wat sy self gemaak het. Dis vir haar lekker as mense by haar kom kuier.

★★★★★

# HIRSCH'S

GRATIS KOFFIE VIR
U IN WINKEL

# HUISWARE MONTANA

## Elke Dag is Pensionaris Afslag Dag















**Ons Handel in, onderandere Beddens, Sitkamer stelle, Stoele, Yskaste, Vrieskaste, Stowe, Lugverkoeling, Televisies, Ketels**



Allan and Richard Hirsch
Shopkeepers

★★★★★

## HIRSCH'S MONTANA

Woestyn close, langs Foodovers Montana - Montana Tuine

**012-001-7933**




## *Lief en leed*

Baie geluk aan ons amperse tweeling Jimmy Kennear #31 wat op 11 Februarie 92 geword het en aan Charlotte Fourie #71 wat op 15 Februarie ook 92jaar geword het.






**Charlotte Fourie #71**




**Jimmy Kinnear #31**

***Phillip Swanepoel,*** oom Flippie of Flip sal op 18 Februarie 2025 die 90 merk behaal. Hy sê: "Ek het nooit gedink ek sal tot hier kom nie."

Phillip en Bettie Swanepoel het so 9 jaar terug vanaf Potchefstroom in MR ingetrek. Drie jaar later is Bettie oorlede. Phillip het as Streekbestuurder van Sentraalwes afgetree na meer as 40 jaar diens daar. Phillip het nog steeds briefies van dank vir besondere diens wat hy gelewer het.



**Phillip Swanepoel #114**

Phillip is 'n bekende en geliefde in MR se strate. Sy vriendelike gesig en aangename geselsies is alom bekend soos hy gereeld tweemaal per dag deur die hele oord stap. Hy ken en groet die inwoners soos hy stap. Hy sê hy groet en gesels 'n bietjie en dan gaan hy weer aan. Phillip woon gereeld die Sondae eredienste in die saal by en gaan speel ook gereeld op 'n Woensdag-middag Pool in die saal. Hy geniet dit baie. Hy sê: " Ek is deel van die oord waar ek gelukkig en gemaklik leef. Ons pla mekaar nie hier nie."

Op die Redaksie se vraag of hy 'n boodskap aan MR het, antwoord hy so: "Dis net genade dat ek tot hier gekom het. Ons leef in 'n gemeenskap waar mense baie respek vir mekaar het en ek waardeer dit. Ons moet inpas by die samelewing, ons bes doen sodat almal gemaklik kan saamleef."

# CARPE DIEM
*seize the day*




## *Lief en leed*


**Douw van der Walt #113**

Op 29 Januarie 2025 het Douw van der Walt sy 90ste verjaardag herdenk. Die vreugdevolle gebeurtenis het hul kinders en kleinkinders op Saterdag 25 Januarie (wat ook Carien se verjaardag is!) hier by hul huis gevier

Douw dink met dankbaarheid terug aan sy lewe tot nou toe en sien die hand van die Vader dwarsdeur sy lewe. “Alles, alles is genade, onverdiende guns alleen”, sing ons.

Hulle trek in Oktober 2009 by Montana Renaissance in. ‘n Rustiger fase van hulle lewe breek aan.

Op aandrang van die kinders, en veral sy kleinkinders in Kanada, wat Oupa en Ouma kwalik uit hulle kindertyd onthou, stel hy sy familiegeskiedenis op: Gaele Andries van Veenwouden kom in 1727 in die Kaap aan. Volgens “Die familie van der Walt in Suid Afrika (1989), is “Veenwouden” in die Kaap aangepas na “der Walt” – Duits vir woud. Douw sê: “Ons kinders, wat ook opgeneem is in die genoemde boek, is die elfde geslag in die lyn.”



*Om 90 jaar oud te word is 'n merkwaardige mylpaal, 'n bewys van 'n lewe ryk aan ervarings, wysheid en veerkragtigheid. Dit is 'n tyd om na te dink oor gekoesterde herinneringe, prestasies te vier en die liefde van familie en vriende te omhels. Op 90 is elke oomblik 'n geskenk, gevul met stories om te deel en lesse om oor te dra. Dit is nie net 'n ouderdom nie - dit is 'n nalatenskap van 'n lewe wat goed geleef word.*



# CARPE DIEM
seize the day



***Boom van die jaar - 2025***

Skaars (ongewoon)

Die **Tambotie *(Spirostachys africana)*** is 'n middelgroot, bladwisselende bosveldboom wat dikwels in laagliggende streke of op heuwels te sien is. Die boom kom voor in die noorde en sentrale deel van Namibië, ooste van Botswana, suide van Zimbabwe, Angola, Eswatini, Mosambiek, Tanzanië en Kenia.

*https://af.wikipedia.org/wiki/Tambotie*



Die Tambotieboom, is ‘n bladwisselende boom en kan tot 18m hoog word.

Die kenmerke van die tambotie is ‘n donkerbruin bas met krake wat rye reghoekige blokkies vorm. Sy jong takke is doringrig en sy blare word geel tot rooi in die herfs. Dit is ook van die min boomspesies wat in brakgrond geplant kan word.

Tambotiehout is een van die mees gesogte meubelhoutsoorte ter wêreld en die kenmerkende reuk van die hout sal na 100 jaar steeds ‘n sterk geur afgee as dit geskraap word. Sy melksap is egter baie giftig en glad nie geskik vir brand- of braaihout nie.

*https://platinumweekly.co.za*

Herman Barnard




### *Boom van die jaar - 2025*

Gewone boom



Die **Witmelkhout *(Sideroxylon inerme)*** is 'n struik of 'n boom wat in Suid-Afrika voorkom in 'n strook langs die kus vanaf die Kaapse Skiereiland tot by Mosambiek en is inheems in die Wes-Kaap, die Oos-Kaap, KwaZulu-Natal, Limpopo en Mpumalanga. Buite Suid-Afrika is die boom inheems in Aldabra, Comore-eilande, Eswatini, Kenia, Mosambiek en eilande, Somalië, Tanzanië en Zimbabwe. Die bome is blaarryk en groei meestal naby die see. Die vrugte is vlesig, persswart en sowat 1.2 cm in deursnee. Hulle is eetbaar maar nie almal is smaaklik nie. Die bome leef lank. Bekende Witmelkhoutbome is die "Poskantoorboom" in Mosselbaai, die "Fingo" boom in Peddie en die "Verdragsboom" in Woodstock.



*https://af.wikipedia.org/wiki/Witmelkhout*



*Waarom word die melkhoutboom in Suid-Afrika beskerm?* Uitgestrekte takke skep beskutte ruigtes wat habitatte is vir 'n verskeidenheid wild in die gebied. Melkhoutbome word beskerm weens hierdie unieke mikro-omgewing wat hul ruigtes skep en mag nie sonder ’n permit afgekap word nie.

Herman Barnard




## Wat soek die ring op die driepootpot?

Hier’s iets interessant vir almal wat dit nie weet nie........daar is 3 ringe op n driepoot pot plus die boonste ring. Dit maak dit dan 4. Nou oor die geheim van hierdie ringe.........



Hulle is nie daar vir die mooiigheid of om die pot te versterk nie. Aikôna! As dit ‘n no. 2 pot is, verteenwoordig elke ring 2 persone Dit wil se ‘n no. 2 pot kan vir 8 mense kos gee as die pot tot by die boonste ring vol is. ‘n No. 6 pot kan vir 24 mense kos maak. As ‘n no. 6 pot tot by die 1ste ring vol is, is daar genoeg vir 6 mense. (nie oormatige porsies nie natuurlik)

*Deur Danie Cronjé*

NOU WEET JY!






## *Biblioteek*

Dit was vir my ‘n groot voorreg om die afgelope sowat ses jaar by die biblioteek betrokke te wees .



As gevolg van my gesondheid het ek besluit om die leisels oor te gee aan iemand anders.  Maryna Scheepers het my die afgelope tyd gehelp en sy is bereid om die verantwoordelikheid oor te neem. Lettie van Rooyen het ingestem om haar te help.

Vergun my dan ook die geleentheid om die bestuur te bedank. U positiewe houding teenoor die biblioteek het nie ongesiens verbygegaan nie.

Baie dankie,

*CHRISTA BASSON*







***Maryna & Lettie***



# Lag 'n Slag!!



*Lag!...........sodat jou gesig dit weet!!*

'n Klein dogtertjie bid een aand...
Sy bid: "*Jesus dankie vir die kos amen.*"
Haar ma sê: "*Maar wat van jou pappa en mamma?*"
Sy Bid: "*Jesus, dankie vir die kos en pappa en mamma amen.*'
Haar ma sê: "*Maar wat van boetie en sussie?*"
Sy bid: "*Jesus, dankie vir die kos en vir pappa en mamma en vir boetie en sussie, amen.*"
Haar ma sê: "*En wat van jou klere?*"
Sy bid: "*Liewe Jesus hou net aan, my ma wil ook met jou praat!*"

---

Soos dit maar gaan met kerkbasaars, het tant Sarie se mooi koek wat sy bak platgeval.
Daar is nie tyd om 'n nuwe een te bak nie.
Sy prakseer toe 'n toiletrol in die middel van die koek om dit te ondersteun en vul dit toe op met versiersuiker.




Haar plan is toe om dit self te koop by die basaar.
Maar toe sy baie vroeg by die basaar kom, is die koek klaar verkoop!
Dis toe nie die einde van die storie nie.
Toe sy die Maandag by 'n vriendin gaan tee drink, staan die koek op die tafeltjie en wag!
"*Wat 'n mooi koek*" is al wat tant Sarie kan uitkry.
"*Dankie,*" sê die vriendin, "*Ek het dit gister gebak.*






...feite!







***Sewe flaters van die wêreld wat tot geweld lei***

- Rykdom sonder werk
- Plesier sonder gewete
- Kennis sonder karakter
- Handel sonder moraliteit
- Wetenskap sonder menslikheid
- Aanbidding sonder opoffering
- Politiek sonder beginsel.

*- Mahatma Gandhi (1869 -1948)*

.......'n gedagte?




JACK'S
PAINT & HARDWARE
Heeldag, elke dag is Pensioenarisse afslag dag!
Ons offer die volgende:
• Sleutels sny
• Gratis koffie
• Hekafstandbeheerders
• Gif en Plantvoedsel
• Skadunet
• Alle soorte gereedskap
JACK'S ZAMBEZI | 012 548 7874
saleszambezi@jackspaint.co.za

# CARPE DIEM
*seize the day*

## *Health*

Walking and sitting are two contrasting activities that can serve different purposes for your health, productivity, and well-being. Here's a breakdown:

## Walking

- **Physical Benefits**:
- Improves cardiovascular health.
- Boosts metabolism and aids in weight management.
- Strengthens muscles and bones.
- Enhances circulation and reduces stiffness.
- **Mental Benefits**:
- Helps reduce stress and anxiety.
- Boosts creativity and problem-solving (especially during walking meetings or strolls in nature).
- Improves mood through the release of endorphins.
- **Other Advantages**:
- Encourages exploration and connection to your environment.
- Can be integrated into daily routines (e.g., walking to work or taking a short walk after meals).



***Health***

# Sitting

- **Physical Benefits**:
- Provides rest and recovery for the body, especially after physical activity.
- Can allow for tasks requiring fine motor skills or focus (e.g., writing or using a computer).
- **Mental Benefits**:
- Encourages stillness, which can be beneficial for meditation or deep focus.
- Creates opportunities for introspection and relaxation.
- **Other Advantages**:
- Practical for activities like reading, eating, or birdwatching, where stillness enhances the experience.

# Balance is Key

Too much sitting can lead to health problems such as poor circulation, back pain, or reduced metabolism. Prolonged walking without rest, on the other hand, may cause fatigue or strain. A mix of both activities, such as alternating walking breaks with sitting periods, can create a balanced routine for health and productivity.



vodacom

Chatz
connect



dienste

Nuwe Vodacom
Kontrate
Opgraderings
SIM - Omskakelings
Toebehore
Voor af betaalde
toestelle en Lugtyd
Data
Fibre

Kom gesels met ons
oor al jou selfoonbehoeftes
in jou taal

Chatz Connect
Zambezi

522 Breedt Str, Zambezi Junction
(012) 548 3508

SA's Largest Independent Dealer Channel - exclusive to Vodacom

CARPE DIEM
seize the day

## Gesondheid

# Oefen jou Brein!




Seniors kan baat vind by breinoefenspeletjies as gevolg van hul assosiasie met 'n laer risiko om demensie te ontwikkel en die kans om Alzheimer's te voorkom. Hier is gratis opsies vir wonderlike gedagtespeletjies vir bejaardes:

- Sudoku vereis dat spelers 'n rooster met getalle vul op 'n manier dat elke ry, kolom en kleiner subrooster al die getalle van 1 tot 9 sonder herhaling bevat. Daar is baie plekke om 'n gratis Sudoku-speletjie te kry, aangesien dit gratis afgelaai en uit gratis bronne op die internet en uit koerante uitgedruk kan word.
- Woordraaisels is die beste gratis aanlyn breinspeletjies vir seniors wat baie vorme insluit soos blokkiesraaisels, woordsoektogte, anagramme, Hangman, en Jumble (Scramble) legkaarte. Hierdie speletjies is perfek vir vermaak, terwyl almal voordelig is om demensie by ouer mense af te weer.



- Bordspeletjies bied 'n unieke mengsel van verskeie elemente soos kaarte, dobbelstene en ander komponente, wat 'n prettige en mededingende ervaring vir ouer gardes bied. Daarbenewens kan bordspeletjies ouer volwassenes help om kognitiewe funksies te handhaaf. Trivial Pursuit, LIFE, Chess, Checkers, of Monopoly is 'n paar goeie gratis breinopleidingspeletjies vir seniors om te volg.

*https://ahaslides.com/af/blog/free-brain-exercise-games/*




## FIKSHEIDSWENKE UIT DIE BYBEL

*STREKOEFENINGE* - Ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is (Filippense 3:14)

*ASEMHALINGSOEFENINGE* - Laat alles wat asem het die Here prys! (Psalm 150:6)



BREINOEFENINGE - Verder broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is - watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees - daarop moet julle julle gedagtes rig (Filippense 4:8)

*OOGOEFENINGE* - Hou die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof (Hebreërs 12:2)

*GESIGOEFENINGE* - Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! (Filippense 4:4)

*OOROEFENINGE* - My liewe broers, dit moet julle in gedagte hou: elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou te praat nie en nie te gou kwaad word nie (Jakobus 1 :19)

*TONGOEFENINGE* - Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing (Kolossense 3:16b)

*BEENOEFENINGE* - Versterk daarom die slap hande en die lam knieë en loop die reguit pad (Hebreërs 12:12)

HARTOEFENINGE - Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig (Psalm 51 :12)

*NEKOEFENINGE* - Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou. Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou ( Jesaja 41: 10)

*HANDOEFENINGE* - Ek strek my hande uit in gebed na U toe, ek is voor U soos 'n uitgedorde land (Psalm 143:6)

*ONTSPANNINGSOEFENINGE* - Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle (1 Petrus 5:7)

## HOE PAASFEES SE DATUM ELKE JAAR BEREKEN WORD

Daar word dikwels gevra hoekom Paasfees nie elke jaar op diesefde datum of tyd val nie.

Paasfees verwys terug na die Pasga toe God die Israeliete uit Egipte bevry het. Dit verwys ook terug na die instelling van die Nagmaal die Donderdagaand voor Jesus die dag daarna gekruisig is (Goeie Vrydag). Goeie Vrydag en Paassondag val altyd op ‘n spesifieke datum en die datum verskil jaar na jaar omdat die stand van die maan, spesifiek volmaan, dit bepaal.

Die berekening van die datum van Paasfees:



By ons in die suidelike halfrond, begin die berekening by 21 Maart van elke jaar, wat ons herfs-dag-en-nag-ewening is (wanneer dag en nag ewe lank is). Nou neem ons die datum van die eerste volmaan op of na die 21ste Maart as die volgende berekeningspunt.

Die eerste Sondag na volmaan is Paassondag of Opstandingsondag. As volmaan egter op Sondag 28 Maart (sewe dae na die 21 ste) val, is Paassondag die volgende Sondag, 4 April, soos wat in 2021 gebeur het. Dit beteken dat Paasfees nooit voor 22 Maart of later as 25 April kan wees nie

2025: Die eerste volmaan na 21 Maart is 13 April, daarom is Paassondag die daaropvolgende week, 20 April.

Ons kerkjaar se datums word bepaal deur die datum van Paasfees.

- 40 Dae voor Paasfees is Aswoensdag
- 7 dae voor Paasfees is Palmsondag
- 40 dae na Paasfees is Hemelvaart
- 10 dae na Paassondag is Pinkster

*Erhardt Führi*

# CARPE DIEM
*seize the day*

## ***DIE LAASTE BEEN VAN DIE LEWE !!!***

Meeste van ons is nou in die laaste kwart van ons lewe en behoort hierdie interessante stukkie raad te lees:

Hierdie is een van die mooiste en sagmoedigste artikels wat ek in 'n rukkie gelees het: Geen politiek. Geen godsdiens en geen rassekwessies nie - net stof tot nadenke. Jy weet, tyd het 'n manier om vinnig te beweeg en jou onbewus te vang van die jare wat verbygaan.

Dit voel net of dit gister was dat ek jonk was en my nuwe lewe aangepak het. Tog, op 'n manier, voel dit soos jare gelede, en ek wonder waarheen al die jare gegaan het?



Ek weet dat ek hulle almal geleef het.

Ek het 'n blik op hoe dit destyds was en van al my hoop en drome.

Hier is dit egter, die laaste kwart van my lewe en dit vang my onverwags !

Hoe het ek so vinnig hier uitgekom?

Waar het die jare heen gegaan en waarheen het my jeug gegaan??

Ek onthou goed dat ek ouer mense deur die jare gesien het en gedink het dat daardie ouer mense jare van my af was en dat ek net in die eerste kwartaal was en dat die vierde kwartaal so ver was dat ek dit nie kon visualiseer of ten volle kon indink wat dit sal en sou wees nie.

Tog, hier is dit!!  My vriende is afgetree en word grys, hulle beweeg stadiger en ek sien nou 'n ouer persoon.  Sommige is in 'n beter en sommige slegter vorm as ek, maar ek sien die groot verandering.  Hulle is nie soos dié wat ek onthou wat jonk en lewenslustig was nie.  Maar, soos ek, begin hul ouderdom wys en ons is nou daardie ouer mense wat ons vroeër gesien het en nooit gedink het ons sou word nie.




................Nou vind ek amper elke dag dat net om te stort 'n ware teiken vir die dag is en om 'n middagslapie te neem is nie meer 'n bederf nie !! Dit is verpligtend, want as ek dit nie uit vrye wil doen nie, raak ek aan die slaap waar ek sit.

So, het ek hierdie nuwe seisoen van my lewe binne gegaan, onvoorbereid vir al die pyne en die verlies aan krag en vermoë om dinge te gaan doen wat ek wens ek gedoen het, maar nooit gedoen het nie. Ten minste weet ek dat, al is ek in die laaste kwartaal en ek is nie seker hoe lank dit sal duur nie, dat wanneer dit verby is op hierdie aarde, dit alles verby is. 'n Nuwe avontuur sal begin, voel ek !!

Ja, ek is spyt. Daar is dinge wat ek wens ek nie gedoen nie; dinge wat ek moes gedoen het, maar daar is werklik baie dinge wat ek bly is dat ek dit gedoen het. Dit is alles in 'n leeftyd.

So, as jy nog nie in die laaste kwartaal is nie, laat ek jou herinner dat dit vinniger sal wees as wat jy dink. So, wat jy ook al in jou lewe wil bereik, doen dit sommer nou.

Moenie dinge te lank uitstel nie. Die lewe gaan vinnig verby.

So, doen vandag wat jy kan, want jy kan nooit seker wees of jy alreeds in die laaste kwartaal is of nie.

Jy het geen belofte dat jy al die seisoene van die lewe sal sien nie. So, leef vir vandag en sê al die dinge wat jy wil hê jou geliefdes moet onthou en hoop dat hulle jou waardeer en liefhet vir al die dinge wat jy vir hulle gedoen het in al die afgelope jare.




'Lewe' is 'n geskenk aan jou. Wees gelukkig !!



# ONS TOETS GEHOOR

## Renaissance
(Kliniek)

### Besoekdatums 2025

| | |
|---|---|
| 13 Februarie | 17 Julie |
| 03 April | 04 September |
| 29 Mei | 23 Oktober |

**DIENSTE tussen 09:00 en 10:00 SLUIT IN:**

- Gehoorsiftings (Skakel vir 'n afspraak)
- Volledige gehoortoetse (Skakel vir 'n afspraak)
- Verskaffing van gehoorapparate
- Skoonmaak van alle tipes apparate
- Ondersoek vir oorwas
- Batterye en toebehore te koop
- Verstellings aan gehoorapparate (Skakel vir 'n afspraak)

**BATTERYE @R30.00**

**Suné Ferreira Oudioloog**
Vanette Bisschoff • Suné Ferreira

Sinoville (012) 565 4619
(012) 567 0157
WhatsApp 066 281 0149

# CARPE DIEM
*seize the day*

## ***Strange but true………***



Woodpeckers have a tongue that wraps around their entire skull to stabilize their brain and prevent it from shaking when they peck trees.
The force of a woodpecker's blow is equivalent to hitting your head against a wall at 25 km/h!
It repeats this action about 20 to 25 times per minute, which is equivalent to 12,000 times per day.

*https://www.facebook.com/groups/IndepMo/posts/3858145151104668/*

PB



## ***Raar maar waar………***

Dié slak het besluit om sy eiers by #50 te lê





Herman Barnard

# CARPE DIEM
*seize the day*

## ***Kyk nou net!***



Ons het die voorreg om groot sampioene, *Plebotus sudanicus,* in ons oord te hê.  Die genus *Plebotus* bestaan uit 12 spesies wat wyd versprei voorkom in subtropiese en tropiese omgewings. Die grootste *Plebotus* spesie se hoed kan tot 1 meter in deursee wees - 'n baie groter meneer as dié een wat in ons oord voorkom. Sommige *Plebotus* spesies is eetbaar, maar nie *Plebotus sudanicus* nie. Hierdie spesie is redelik skaars. Geniet dit terwyl die vrugligaam so duidelik sigbaar is.  Gedurende die res van die jaar is dit as swamdrade ondergronds teenwoordig.



Die olyfbruin vrugliggaam is kenmerkend van die genus sowel as die steel wat solied is. Die vrugliggaam vorm spore wat deur die wind versprei word.



Daar word vir die oom gevra waar-aan hy sy hoë ouderdom toeskryf.

"Sampioene" sê hy.

"Hoe dan so, my oom?"

"Nee", sê hy……."ek eet hulle nie!"

# CARPE DIEM
*seize the day*

***Wees die verantwoordelike inwoner***

Ek glo almal sal wil sien dat ons “dorpie” netjies moet wees, dat almal veilig is en dat dit finansieel en andersins goed met ons as inwoners gaan.

Daarom is dit noodsaaklik om bepaalde reëls te hê. Dit is dan ook elke inwoner se verantwoordelikheid en plig om hierdie reëls toe te pas en ook om te sien dat dit toegepas word. Aangesien sommige inwoners nie die reëls lees nie, nie bewus is van waar hulle reëls is nie, of net eenvoudig besluit dat reëls nie vir hulle is nie, kan dit tot groot misverstand en onnodige ongemak lei. As ek as inwoner nie die reëls ken nie, glo ek dat ek ook nie my oord ken nie.

Ons moet in gedagte hou dat alles buite 'n eenheid, gemeenskaplike eiendom is.

Miskien moet u so 'n bietjie terugstaan en kyk hoe dit rondom u eenheid lyk. Is dit netjies, stoor ek dalk allerhande oortollighede waar ek dink dit kan nie deur ander gesien word nie? Wees eerlik met jouself. Sou ek vandag my huis wil verkoop; sal die onmiddellike omgewing rondom my eenheid aanvaarbaar wees vir enige potensiële koper?

Is my vullissakke betyds uitgesit vir verwydering?

Is my tuinvullis uitgesit volgens die voorgeskrewe reëls?

Is Tuindienste betyds in kennis gestel indien daar oortollige tuinafval is om te verwyder?

Spandeer gerus 'n bietjie tyd om jou oord beter te leer ken. Haal die reëls van die rak af, raak rustig en vergewis jouself weer daarvan.

Elke inwoner het 'n groot verantwoordelikheid met betrekking tot die bestuur van die oord en dat dit nie suksesvol gedoen kan word sonder almal se samewerking nie.

Daar is ook die Inligtingstuk wat u destyds ontvang het en gereeld op datum gehou word. Lees dit gerus weer deur, saam met die Oordreëls .

Baie dankie vir elkeen wat wel hulle samewerking gee, dit maak die Bestuur se taak, asook almal se lewens soveel makliker.

*PB*




*Baie welkom in Montana Renaissance*
*……..spesiaal aan ons nuwe intrekkers.*

Mag u baie lank en gelukkig hier woon.

U word hartlik uitgenooi om die eredienste op Sondagaande om 18:00 in die saal te kom bywoon. Ons sing reeds vanaf 17:45 saam. Die verskillende Kerkgenootskappe kry maandeliks 'n preekbeurt.



U kan dit ook gerus oorweeg om by een van die volgende Bybelstudiegroepe aan te sluit.

Kontak die persoon wie se naam en eenheid langsaan verskyn.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Maandae: | 16:30 | Hentie Joubert | #5 | 073 283 1512 |
| Dinsdae: | 15:00 | Miemie Joubert | #44 | 082 460 7068 |
| | | Christa Basson | #46 | 082 972 4543 |
| | 16:30 | Jan van Niekerk | #28 | 087 150 9315 |

Bybelstudie is die praktyk om  die Bybel te lees, te ontleed en daaroor na te dink om geestelike groei, wysheid en 'n dieper begrip van God se Woord te verkry. Dit kan individueel of in groepsverband gedoen word, met verskeie metodes en benaderings.

Dit is 'n voorreg om weekliks 'n erediens en Bybelstudiegeleenthede in ons oord aan te bied. In hierdie seisoen van 'n mens se lewe is dit 'n kosbare gerusstelling om 'n geestelike hawe te hê.

Nogmaals welkom.

*Danie van der Walt*

MR Kerkkomitee






## *Kom ons maak iets lekker!………….*



MIKROGOLF MIELIEPAP (2 persone)
LW : Mikrogolfoonde, meel en voorkeur van styfheid verskil. Eksperimenteer dus.
100ml (growwe) mieliemeel
Sout na smaak.
1)Gooi DROË mieliemeel in Pyrexbak en mikrogolf volkrag vir 2min.(Langer tyd kan meel bruin of swart maak.)
2)Gooi dadelik 2koppies (2×250ml) kokende water op mieliemeel en roer. Oppas vir stoom!
3)Plaas dadelik terug in mikrogolf volkrag 1 tot 2 min. As pap begin kook, stop mikrogolf, stel op 40% en kook vir 15 min., deksel verkieslik op.
Papkorreltjies behoort mooi uitgeswel te wees.
Bedien soos gebruiklik.

Gerhard Moolman

*Stuur jou vinnige, windmaker resep aan vanderwh@gmail.com*

### *DIE SKEPPING: OMVANG*

1. Ruimteskepe soos die 1e Apollo na die maan beweeg teen so 40 000 Km per uur.
2. Om die maan te bereik sal dit Apollo so 10 uur neem.
3. Om die son(teoreties!) te bereik so 5 maande.
4. Om die naaste ster aan ons te bereik sou dit hom rofweg 100 000 jaar neem!



5. Anders gestel: Lig beweeg teen 300 000Km. per sekonde. ń Lig sterk genoeg om vanaf die aarde tot op die naaste ster te kan skyn, sal meer as 4 jaar aangeskakel moet bly om die naaste ster te kan bereik. So ń afstand noem ons dan 4 ligjaar. (Sien Google: "Light year" )
6. Die verste voorwerp in die heelal in 2022 waargeneem is GN-z11(Sien Google). Hy is 32 biljoen ligjaar van ons verwyder! Dis letterlik ver verwyder van normale menslike begrip. Hoe verstommend, onbegryplik, ontsagwekkend GROOT is onse God!

Gerhard Moolman




## *Grysheid bring Wysheid*




Dis ‘n mooi dag vandag. Die son skyn, ‘n welkome reëntjie het alles skoon gewas en die lugruim nou in die mooiste blou lug omgetower. Ons is verby die langste dag. Die dae krimp nou elke dag met so plus minus 1 minuut. Die seisoene vloei van een dag na die ander inmekaar sonder dat ons enigsins ‘n aandeel daaraan het. So vloei ons jare ook die een in die ander en soos ons ouer word wil die pyne en skete soms kop uitsteek. Gaan jy dokter toe en hy of sy weet nie presies wat fout is nie, word dit toegeskryf aan “degenerasie”. Ek vervies my sommer op die plek. Dié woord bring mos dadelik ‘n vreemde reaksie en uitwerking in jou lyf. Jou kuitspiere trek dadelik saam en jou rug kiertsregop. Maar helaas, bring hierdie tye van “degenerasie” ook sy goeie en lekker oomblikke wat ons saam geniet. Dít wat “húlle”, wat hierdie woord so maklik rondgooi, nog nie verstaan nie.

Laat my dink aan die oom wat omtrent my pa se ouderdom was. Vir ons as kinders was hulle al oud, alhoewel seker net so vlak in die vyftigs. Vandag weet ek, dis in die fleur van jou lewe! Op ‘n dag stap die oom oor die straat, krom en geboë, die verandering so skielik. My pa stap dadelik om te hoor wat aangaan en of hy dalk kan help. Die oom vertel dat hy self gewonder het wat dan vanoggend aangaan dat hy nie regop kan kom nie. My pa vra van wanneer af hy die probleem ondervind, het hy goed geslaap, het hy pyn? So bekyk my pa die oom op en af, ag jene, die oom het een van sy onderste hempknope aan die broek se gulpknoop vasgemaak.

‘n Vriend van ons vertel dat hy iets aanmekaar wou lym. Met sy gedagtes diep in die oomblik van skeppend wees, druk hy die gombotteltjie om die artikel aanmekaar te heg, hy druk-druk en druk weer. Eers dink hy, dalk is die botteltjie leeg, maar die botteltjie is dan nog so swaar. Skud dit, probeer weer, maar niks. Is die tregtervormige proppie dalk verstop? Toets op sy wang, voorkop, by sy oor, om te voel of daar wind uitkom as hy die botteltjie druk. Die volgende oomblik is hy van sy gehoor aan die regterkant ontneem, totaal doof. Sy oor is vol, soos in “oor-vol”. ‘n Goeie skeut gom is die wenner. Sit nou en wonder of die item wat hy wou lym toe op die ou einde aanmekaar gekom het?

Die brille en pille ding het ook maar sy, of haar, eie uitdagings. My vriendin vertel hoe sy een aand in die stort gewonder het of dit is hoe dit moet voel om blind te word. Die water oopgedraai, uitgetrek, kappie op die kop, in die stort. Die water is heerlik, regte temperatuur, regte waterdrukking. Stort is mos soos strelende straaltjies oor jou lyf, amper soos ‘n sagte massering.




Vir die eerste rukkie staan jy net bietjie toe oë om heerlik te ontspan van die dag se gewoel. Soos sy haar oë weer oopmaak is alles bietjie dof, en dit word al dowwer, nou sommer vinnig, tot sy uiteindelik niks voor haar kan sien nie. Sy rek haar oë oop, maar dit help nie. Sy beleef ‘n angs wat oor haar kruip en besluit om haar man te roep, hy moet dadelik kom help. Hy kom gou, sy klink paniekerig. Met die eerste oogopslag sien hy die opgewasemde bril en vra, “wat is fout, hoekom stort jy met ‘n bril? Jy weet mos waar alles sit en waar jy moet was!”

Nee wat, gryp die dag, “degenerasie” of te not, ons het wysheid al is sommiges se grysheid ‘n bietjie verdoesel.

*Groetnis*

*Snuif*

## The Man in the Arena

"It is not the critic who counts;
not the man who points out how the strong
man stumbles, or where the doer of deeds
could have done them better. The credit
belongs to the man who is actually in the
arena, whose face is marred by dust and
sweat and blood; who strives valiantly;
who errs, who comes short again and again,
because there is no effort without error and
shortcoming; but who does actually strive to
do the deeds; who knows great enthusiasms,
the great devotions; who spends himself in
a worthy cause; who at the best knows in
the end the triumph of high achievement,
and who at the worst, if he fails, at least fails
while daring greatly, so that his place shall
never be with those cold and timid souls
who neither know victory nor defeat."

Theodore Roosevelt

Paris, France 23 April, 1910




*Hierdie nuusbrief is hoofsaaklik bedoel vir die inwoners van Montana Renaissance en word in ligte luim as sodanig aangebied. Die inhoud weerspieël nie noodwendig die menings van die Redaksie of die Bestuurskomitee nie en is nie bedoel vir publikasie nie. Kopiereg is streng voorbehou en geen foto of gedeelte van die nuusbrief mag afgelaai of gedeel word sonder toestemming van die Redaksie nie. Hierdie nuusblad is ook in elektroniese formaat beskikbaar (met toestemming van MR Redaksie).*

